

Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oor beloftes

Skriflesing: Johannes 14:1-14

Broodjies vir die pad

“Love is a decision, it is a judgment, it is a promise. If love were only a feeling, there would be no basis for the promise to love each other forever. A feeling comes and it may go. How can I judge that it will stay forever, when my act does not involve judgment and decision.”

— Erich Fromm, *The Art of Loving*

Aanraking, soos die liefde, is 'n onlesbare dors

Wilhelm Jordaan

Jou eerste taal is jou moedertaal, word gesê. Maar elke mens het 'n ander “eerste taal” – een wat jy reeds voor geboorte aanvoel en wat ná geboorte deur aanraking gevoed word. Sodat jy veilig en tuis in die wêreld voel.

Coenie de Villiers se lied “My kind” bevat iets van dié geborgenheid: “Ek vertel vir jou 'n storie, waar jy stil en droomloos dryf / in die knus en warm kamer / van jou ma se ronde lyf. / En dan as jy gebore word, / sit ek my vinger in jou vuur; / hoor hoe jy saggies asemhaal / en ek weet jy's eindelijk tuis . . .”

Mens sien dit ook as 'n kleuter skielik onseker raak en dan 'n handjie uitsteek na pa of ma. Vir gerusstelling neem pa of ma die kind se hand en gee dit 'n drukkie. En jy kan sien die kind voel veilig. As hulle angsbevange is, vou jy hulle in jou arms toe tot hulle bedaar.

Dit is lankal bekend dat babas se emosionele en fisieke ontwikkeling geknou word as hulle nie genoeg aangeraak word nie. Navorsing dui op die noodsaak van aanraking by kinders – ook wanneer jy 'n grootmens is. Vroeggebore babas wat daaglik drie keer 15 minute lank gemasseer is, se massa het 47% vinniger toegeneem as vroeggeborenes wat alleen in 'n broeikas gelaat is. Die gemasseerde babas se senuweestelsels het ook vinniger ontwikkel; hulle was meer aktief as ander babas en het makliker gereageer op mense en speelgoed.

Weens hul vinniger vordering kon die gemasseerde babas die hospitaal vroeër verlaat, en ná agt maande het hulle steeds 'n voorsprong gehad bo die ander babas.

Dit is ook gevind dat aanraking die afskeiding van sekere breinstowwe wat ontwikkeling bevorder, aktiveer en dat die afwesigheid van aanraking lei tot die afskeiding van breinstowwe wat ontwikkeling teenwerk.

Dit lyk dus of die mens toegerus is met 'n biochemiese gereedheid vir aanraking wat wag om deur mense se aanraking vrygestel te word; dat die vermoë om jou empatie, sorg en omgee te toon van vroeg af in die tassintuig setel . . .

Dit alles dink ek nou dat Covid-19 ons aanrakingloos en byna spookagtig en gemasker in mekaar se teenwoordigheid laat. Ek vermaan myself dis net tydelik, maar 'n mens weet ook aanraking gebeur in elk geval te min tussen mense – juis in ons wêreld waar 'n verskeidenheid taboes, soms verstaanbaar so, dit belet.

Die vraag is of die verpligte sosiale afstand wat ons nou ter wille van gesondheid handhaaf, dalk 'n nawerking gaan hê wat die bestaande gebrekkige aanraking kan versterk. Met dié bedroewende insig: Ons kan daarsonder klaarkom. Ons het nie mekaar se drukkie nodig nie.

Ons sê dit dalk pront, selfvoldaan. Maar ons weet heimlik dis nie waar nie. Daarvoor het jy 'n ander mens nodig. Soos David Kramer dit uitbundig sing: “Skattie, druk my / druk my / druk my teen die bors / Want die liefde is soos water en ek het baie dors.”

Aanraking, soos die liefde, is 'n groot onlesbare dors.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/aanraking-soos-die-liefde-is-n-onlesbare-dors-20200505>

“Jesus promised his disciples three things—that they would be completely fearless, absurdly happy, and in constant trouble.”

— William Barclay, *The Gospel of Luke - Enlarged Print Edition*

“The scarily brilliant Romantic poet and visionary William Blake dared to say what many of us have perhaps thought but kept to ourselves: “A good local pub has much in common with a church, except that a pub is warmer, and there's more conversation.”

— Brian D. McLaren, *Why Did Jesus, Moses, the Buddha, and Mohammed Cross the Road?: Christian Identity in a Multi-Faith World*

“That which we cannot speak of is the one thing about whom and to whom we must never stop speaking.”

— Peter Rollins

Brood vir die pad

OOR VRYGEWIGHEID

Oorgelaat aan onself glo ons:
daar is nie genoeg vir almal nie

aan alles gaan 'n skaarste wees
aan geld
aan liefde
aan punte
aan publikasies
aan seks
aan bier
aan lede
aan jare
van lewe

ons moet die dag gryp
 ons goed gryp
 ons bure se goed gryp
 want vir almal is daar nie genoeg nie

en midde in ons gewaande tekort
 kom U
 U kom en gee brood in die wildernis
 U kom en gee kinders in die elfde uur
 U kom en gee huise aan bannelinge
 U kom en gee 'n toekoms aan die ingeperktes
 U kom en gee Paasvreuge aan die dooies
 U kom in die vlees as Jesus

en ons kyk toe terwyl
 die blindes hulle sig herwin
 die lammes loop
 die melaatses gereinig word
 die dowes hoor
 die dooies uit die graf herrys
 die armes dans en sing

ons kyk toe
 en neem kos wat ons nie geplant het nie en
 lewe wat ons nie verwek het nie en
 'n toekoms van geskenk op geskenk op geskenk en
 familie en bure wat óns ondersteun
 terwyl ons dit nie verdien het nie

dit word vir ons duidelik – later eerder as vroeër –
 dat U “in die regte seisoen voedsel skenk
 U hand open
 en in die behoeftes van alles lewend voorsien”

Breek deur U gawe ons waan van herhalende skaarste
 hef ons verbeelde skaarstes op
 verdryf ons vrese oor gebrek
 verander ons insig om te sien
 die oorvloed..... genade op genade
 seëning op seëning.

Laat U vrygewigheid ons lewens diep deursyfer
 sodat U oorvloed ons gewaande skaarstes bloot kan lê
 dat eindeloos aan die ontvang ons eindeloos sal gee
 sodat die wêreld Paasvernuwend gemaak mag word,
 sonder gierigheidsgebrek, maar slegs verwondering,
 sonder gedwonge behoefte maar slegs liefde
 sonder vernietigende gierigheid maar slegs lof
 sonder aggressie en indringing.....
 alle dinge Paasnuut....
 al om ons, ons tegemoet en
 deur ons
 alle dinge Paasnuut.

Voltooi U skepping, in verwondering, liefde en lofsang. Amen
 — Walter Brueggemann

(Poging tot vertaling: Pieter van der Westhuizen)

'n Hemel sonder voëls as visie van die aarde se einde

In onlangse korrespondensie met 'n Nederlandse vriend oor die impak van Covid-19, merk hy op dat dit voel of ons tans karakters in 'n Lars von Trier-rolprent is.

Von Trier is 'n Deense regisseur bekend vir briljante en dikwels omstrede rolprente soos *Breaking the Waves* (1996), *Dancer in the Dark* (2000), *Dogville* (2003) en *Melancholia* (2011). Dit is veral na laasgenoemde wat my vriend se opmerking verwys.

In *Melancholia* dreig 'n asteroïed om die aarde te vernietig, en sien ons die uiteenlopende reaksies van 'n groep mense op só 'n moontlikheid.

Die een hoofkarakter, Justine (voortreflik vertolk deur Kirsten Dunst), word byvoorbeeld uitgebeeld as depressief en melankolies, ten spyte daarvan dat dit haar huweliksonthaal is wat op 'n luukse landgoed plaasvind. Haar suster Claire kom weer angstig voor, terwyl Claire se man, John, ywerig probeer om op 'n wetenskaplike wyse die roete van die asteroïed te volg.

Uit *Melancholia* se dramatiese en simboliekryke proloog, wat uit 16 lang kamera-skote bestaan, blyk dit egter reeds vir die kyker duidelik dat die asteroïed die aarde gaan tref.

Die openingstoneel is dan ook van Justine wat stadig haar oë oopmaak terwyl talle voëls vanuit die lug dood op die grond neerval.

Dié beeld het my nogal herinner aan die profetiese visie waarvan ons in die boek Jeremia lees: “Ek het na die land gekyk, en dit was onbewoonbaar, na die hemel en die lig was daaruit weg . . . Ek het gekyk, daar was geen mens nie, selfs die voëls het weggevlug.” (4:23, 25).

Die Joodse skrywer en Auschwitz-oorlewende Elie Wiesel onderstreep ook in sy *Five Biblical Portraits* hierdie beeld van 'n hemel sonder voëls as visie van die einde, ook van die einde in die tyd.

Hy skryf dat hy Jeremia se visie eers verstaan het toe hy weer in die somer van 1979 na Auschwitz en Birkenau teruggekeer het: “Then and only then did I remember that, during the tempest of fire and silence, there were no birds to be seen on the horizon: they had fled the skies above all the death-camps.”

Dalk het Von Trier se beelde, Jeremia se visie, en Wiesel se herinneringe 'n rol gespeel dat ek, wat geensins 'n kundige voëlkyker is nie, uit my pad gegaan het om seker te maak dat ons in die grendeltyd genoeg saad gaan hê om voëls na ons klein tuintjie te lok. En daar is inderdaad iets verkwikkend en gerusstellend daaraan om te aanskou hoe die voëls (soos die seisoene) se besoek in hierdie dae voortduur. – RRV

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-hemel-sonder-voels-as-visie-van-die-aarde-se-einde-20200501>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
 waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877